

Gevolgtrekkinge en stellinge

Voordat enkele positiewe beginsels gestel kan word, moet 'n aantal pers=clichés, sommige waarvan historiese denkfoute, nader bespreek word, aangesien hierdie clichés altyd by 'n bespreking van persvryheid, perssensuur en die staatsveiligheid opduik en die staat-pers-verhouding eerder vertroebel as verhelder. Sommige van hierdie clichés help om 'n toestand van agterdog tussen pers en staat, ook tussen burgery en staat, te skep en is as sodanig inderdaad 'n bedreiging vir die staatsveiligheid, soos later aangetoon sal word.

I. Die Pers is die Publiek

In sy hoofartikel van 5 Mei 1967 skryf The Star: „For the press is nothing but the public” en twee dae later laat Die Beeld op sy hoofartikelblad volg: „Veral as daarby betrokke is 'n koerantredakteur wat in die besondere sin verteenwoordiger van die publiek is”. Met „die pers” waarna in hierdie aanhalinge verwys word, word duidelik die koerantwese bedoel en nie die pers in sy volle omvang soos in Hoofstuk I omskryf nie.

'n Poging om „pers” en „publiek” op so 'n losse grondslag met mekaar gelyk te skakel, kan geen deurtastende ondersoek deurstaan nie: dit kan trouens selfs tendense wat die staatsveiligheid in die gedrang bring, bevorder.

Die begrip „publiek” is bitter moeilik te omskryf. Geen gerapporteerde saak waarin die hof die woord publiek noukeurig omskryf het, kan trouens gevind word nie. In die omgangstaal dui die woord „publiek” op 'n losse konglomeraat van onverbonde mense. Dit blyk miskien beste uit saamgestelde woorde soos „koerspubliek”, „sportpubliek.” Hierdie losse groepe mense kan 'n klein groepie wees, kan honderde, of duisende of miljoene tel. En juis om daardie rede kan hulle klaarblyklik geen „verteenwoordiger” hê nie. Die „publiek” kan so 'n verteenwoordiger nie aanwys nie omdat hy geen middel en geen gesag daartoe het nie.

In juridiese sin ontbreek dit die „publiek” nie alleen aan handelingsbevoegdheid nie, maar ook aan duidelik omskrewe regte. Die regte van die publiek is merendeels so vaag en onseker dat die publiek hom as sodanig bv. nie op die hof kan beroep nie - wat individuele lede van die publiek wel kan doen. Van hierdie feit is ervare joernaliste maar te goed bewus. Ter voorkoming van lastereise, so word elke jong joernalis vroeg in sy loopbaan geleer, moet gesorg word dat niemand hom in 'n gewaagde stuk as gekrenkte of belasterde kan identifiseer nie en ook dat hy nie deur andere geïdentifiseer kan word nie, want eers ná afdoende identifikasie van 'n persoon of regs persoon kan 'n lastereis slaag.

Die ander regte waaroor die publiek beskik, is ook uiters vaag en moeilik

omskryfbaar. Die publiek het die reg op beskerming: dikwels word in die hof aan 'n beskuldigde gesê dat hy daardie soort mens is teen wie die publiek beskerm moet word. Maar die publiek as sodanig kan nie bv. regstappe doen as hy nie beskerming geniet nie. Die publiek het verder toegangsreg tot sekere openbare geboue, geriewe, paaie e.d.m. Maar in bepaalde omstandighede kan owerheidspersone daardie reg opskort. Die publiek as sodanig het ook geen besitreg nie. Dit is bv. die stadsraad of Spoorweë se ruskamers, dit is die provinsie of die staat se paaie. Om kort te gaan: die persoon of regs persoon het veel groter regte as die publiek, hoe groot die mensegetalle ook al is wat 'n bepaalde publiek op 'n bepaalde tyd stip uitmaak.

Losse mensegroepe het meesal ook nie gemeenskaplike belange nie, meesal ook nie 'n gemeenskaplike belangstelling nie. Ook dit weet die pers goed, vandaar die universaliteit van sy produk. Die koerant moet vanweë 'n groot verskeidenheid berigte, kommentare, rubrieke, foto's e.d.m. iets vir elke individu binne die grootste moontlike menigte potensiële kopers inhou.

Die woord „sportpubliek” kan in hierdie verband miskien weer as voorbeeld gebruik word: deel van hierdie „publiek” hou van rugby en 'n ander deel van sokker. 'n Derde groep stel in nie een van die twee belang nie, maar wel in perderene of swem of tennis of gholf. Maar elke klein groep is nog „die publiek”.

'n Dergelyke onsekerheid bestaan beslis nie by die „pers” nie. Die Suid-Afrikaanse koerantwese is, soos in die ander nie-kommunistiese Westerse lande, kapitalisties georganiseerde maatskappye, sommige van formidabele formaat. Met die uitsondering van die klein plattelandse koerante en enkele dagblaaië in Oos-Kaapland, bestaan die Engelstalige pers uit organe van òf die Argusmaatskappy òf van S.A. Associated Newspapers. Die Afrikaanse koerante behoort, afgesien van Die Transvaler, aan òf die Nasionale Pers Beperk òf die Afrikaanse Pers Beperk, elk in verskeie filiale verdeel.

Die Suid-Afrikaanse pers is nie die eiendom van die „publiek” nie, maar van kleiner of groter groepe aandeelhouders, sommige van wie in elk geval regs persone is, terwyl die aandele van sommige koerantmaatskappye vir die „publiek” geheel en al onverkrygbaar is.

By die „pers” is daar, anders as by die „publiek”, geen onsekerheid oor regte en belange nie. Elke koerantmaatskappy is 'n regs persoonlikheid en elke koerant het duidelik omskryfbare oogmerke. In die omstandighede van Suid-Afrika is hierdie oogmerke byna altyd tweeledig te onderskei: die verwerwing van winste en die bereiking van sekere politieke oogmerke.

Kortom, die „pers” is in Suid-Afrika 'n kapitalisties georganiseerde ondernemingsvorm met duidelik omskrewe ekonomiese en politieke oogmerke, terwyl

die „publiek” ’n vormlose mensemenigte sonder duidelik omskrewe regte is, behalwe vir sover as wat elke individu in die „publiek” sy eie regte het. Dit is vergesog om twee sulke uiteenlopende werklikhede soos pers en publiek met mekaar gelyk te stel.

II. Die Pers dien die Publiek

Wanneer die pers van dienslewering aan die publiek praat, bedoel hy in werklikheid die beskikbaarstelling teen ’n bepaalde prys van sekere ware, waar- onder nuus, kommentaar en advertensieruimte, aan die hele gemeenskap, dus al die lede van die publiek, en wel in ~~die~~ laaste instansie ter bevordering van die ekonomiese of politieke of propagandistiese belange van die koerant self. Dit beteken natuurlik nie dat die eie belange van die koerant of koerantgroep vir die „publiek” skadelik of minderwaardig hoef te wees nie. ’n Koerant of koerantgroep kan ook met die hoogste en edelste motiewe van openbare diens be- siel wees, maar dienslewering in sigself impliseer nie ’n reg aan die kant van die pers om die regte van die enkele burger vir homself toe te eien nie. Daar is immers ’n groot aantal ander kapitalisties georganiseerde bedrywe wat koste- like dienste aan die publiek lewer, bv. die goud- en ander myne, die boere wat voedsel produseer, selfs kettingwinkelgroepe wat pryse laag hou, maar wat nie dieselfde voorregte as die pers geniet nie.

Die pers se aanspraak op die besondere plek wat hy in die Westerse wêreld, ook in Suid-Afrika, inneem en gegun word, moet dus op ander gronde as bloot die begrip dienslewering berus. Die pers voer aan, en dit word geredelik deur sy le- sers en die staat toegegee, dat hy heel besondere ware, naamlik kennis, aan die publiek oorbring. En in die tweede plaas maak die pers daarop aanspraak dat hy die waghond van die demokrasie en die vryhede van die burgers is, ’n aanspraak wat egter baie duidelik gekwalifiseer moet word.

Die oordra van Kennis

Dit is heeltemal korrek dat die belangrikste funksie van enige koerant of ander nuusmedium die oordra van nuwe feitekennis aan sy lesers, d.w.s. lede van die publiek, is. Dit is ook waar dat hy uit hoofde van die besondere kennis en vernuf van sommige redaksielede ’n groot bydrae kan lewer om daardie feitekennis deur vertolking of verduideliking vir die minder ingeligte lede van die publiek toeganklik te maak. Eweneens moet toegegee word dat verantwoordelike koerante en koerantmanne hul lesers in die beste belang van die land en volk deur beïn- vloeding kan lei om sekere deugdelike beleidsrigtinge te steun. Maar daar is ook ’n keersy: As die pers op besondere vryhede en voorregte aanspraak maak om- dat hy die mededeler van kennis is, rus die dure verpligting op hom om te sorg

dat die kennis wat hy oorbring, inherent van waarde is, en dat die propaganda wat hy voer, werklik in belang van die land en die burgers is en nie die staatsveiligheid in die gedrang bring nie. Dit is die teenprestasie wat met reg van die pers geverg kan word.

Dit is nie die voorneme om in hierdie stadium volledig op die aard en gehalte van die feitekennis wat die Suid-Afrikaanse koerante oorbring, in te gaan nie. Met enkele opmerkinge kan volstaan word. In Hoofstuk VI is reeds aangetoon watter rol sensasie, seks, vulgariteit, misdaad en pornografie in die uitbouing van die moderne massakoerant se sirkulasie gespeel het en nog speel. Dit geld ook in Suid-Afrika. In een uitgawe van 'n sekere koerant is in November 1967 bv. nie minder nie as 33 artikels en berigte gepubliseer wat klaarblyklik en met die eerste oogopslag herkenbaar was as handelende oor misdadigheid, seks en verwante sensasie. Hierdie berigte en die foto's waarmee hulle geïllustreer is, het nie minder nie as 53 kolomme van 22 duim beslaan. Onder hierdie berigte was dertien oor egskeidingsake en huweliksontrou. En dié besondere koerant staan nie alleen nie. Selfs koerante wat graag vir „gesaghebbend” wil deurgaen, staan groot ruimte aan hierdie soort beriggewing af.

Dit sal 'n besonder welsprekende pleitbesonger vir die pers vereis om verantwoordelike politieke, kerklike, onderwys- en kultuurleiers daarvan te oortuig dat die oordra van „kennis” van hierdie aard werklik vir die publiek van belang of belangrik is, kortom dat die publiek daardeur gedien word.

Saamgevat: hoewel veel wat in die koerante van Suid-Afrika verskyn, kennisverrykend en inherent waardevol is, verskyn ook veel wat die pers se aanspraak op besondere behandeling nie bevorder nie, omdat daardie stof onbillik, foutief, oneerlik, onverantwoordelik en onordentlik is. Daar kan ook nie ontken word nie dat min. C.R. Swart en min. P.W. Botha, soos in Hoofstuk VII aangetoon, reg geoordeel het toe hulle beweer het dat berigte soms geplaas is wat landsgevaarlik was. By te veel koerante en koerantmanne is die winsmotief klaarblyklik baie sterker as die diensmotief.

Wagbond van die Demokrasie en Vryheid

Die uitdrukking wagbond van die demokrasie of die vryheid is een van daardie clichés wat al dadelik die indruk wek dat die staat ondemokraties of onderdrukker van die vryheid is en dat 'n maatskappy wat o.m. op winsbejag uit is, daarom die demokrasie en die vryheid moet beskerm. Hierdie aanspraak van die pers kan onmoontlik ongekwalfiseer gehandhaaf word.

In die omstandighede van Suid-Afrika is dit onwaar dat die staat ondemokraties of onderdrukker van die vryheid is. Inteendeel, die staat is self dié be-

skermer van die demokrasie en die vryheid. Dit is sy taak, deel van sy regs= goed. Dit is die staat self wat instellinge soos die Parlement en die howe in stand hou om o.m. oor die voortbestaan van die demokrasie en die vryheid te help waak. Dit is per slot van rekening die staat self wat deur sy wetgewende organe die wette, ordonnansies en ander lasgewinge positiever ingevolge waar= van die staat op so 'n wyse bestuur word dat die regte en vryhede van die indi= vidu gehandhaaf kan word. Dit is die staat wat aan die pers die vryheid ver= leen om as „wag hond van die demokrasie en die vryheid" op te tree.

Maar heeltemal sonder meriete is die aanspraak van die pers ook nie. Daar vind in die bes geregeerde gemeenskappe skending van regte of uitbuiting plaas, nie alleen van owerheidsweë, veral administratief, nie, maar ook tussen burgers onderling. Onthullinge van hierdie aard kan wel 'n waardevolle bydrae tot die goeie regering ^{lewer} en ^{vir die} geluk van die burgers lei, mits die onthullings-„beleid" nie van so 'n aard is dat dit oordrewe agterdog tussen regering en burgers aanblaas nie. Wat dit betref, lê dit ook op die weg van die pers om billik en gematig op te tree, veral waar dit gaan om vermeende regsontneming by minder ontwikkelde volks- of rasgroepe. Daar is die gevaar die grootste dat personthullinge in staatskadelike agitasies kan ontaard.

In Hoofstuk III is aangetoon hoe die pers in die Angelsaksiese wêreld sy beslag gekry het in toestande wat eeue lank op 'n byna voortdurende worsteling tussen staat en pers neergekom het. Hierdie stryd wat reeds in die vyftiende eeu begin het, het vir die Britse pers eers teen die helfte van die 19e eeu ten einde geloop, terwyl die Amerikaanse pers, wat onder koloniale bestuur sy eerste skrede geneem het, bondgenoot in die stryd teen die buitelandse onderdrukker was. Dit verklaar die buitengewone besorgdheid van die Britse koerantwese oor die moontlike aantasting van die persvryheid deur die staat en die rol wat die Amerikaners aan die pers toebedeel het, ook in staatsake. Thomas Jefferson, die latere president, het bv. in 1787 net voor die konstitusionele konvensie uit Frankryk aan 'n vriend geskryf: „The way to prevent these irregular interposi= tions of the people (in die sake van die Kongres) is to give them full informa= tion of their affairs through the channel of the public papers, and to contrive that those papers should penetrate the whole mass of the people. The basis of our government being the opinion of the people, the first object should be to keep that right: and were it left to me to decide whether we should have a government without newspapers or newspapers without government, I should not hesitate to prefer the latter. But I should mean that every man should receive those papers and be capable of reading them.”⁽¹⁾

(1) Wolseley and Campbell, Exploring Journalism, p. 44.

Dit is onwaarskynlik dat in enige taal of op enige plek ná dié lofrede van Jefferson weer so erg vleierend na die pers verwys is, maar daar steek tog 'n element van waarheid in die brief: goeie regering in 'n demokratiese staat hang tot groot hoogte af van die mate waarin die burgers (kiesers) toegang tot betroubare inligting het. Dit is trouens reeds in die Griekse wêreld beseef, soos blyk uit die volgende aanhaling uit Wolseley en Campbell: „To put it succinctly: whoever runs the government - one man or many - should know what's going on: Aristotle made this plain centuries ago when he said: 'But if the citizens of a state are to judge and to distribute offices according to merit, then they must know each other's characters; where they do not possess this knowledge, both the election to offices and the decision of lawsuits will go wrong.' ”(2)

Dit is in hierdie verband dat die aandrang van die pers om vryheid van inligting gesien moet word. Die pers oordeel tereg dat, as hy sy lesers met betrekking tot staatsaangeleenthede en politieke en ander leiers wil inlig, die bronne waaruit hy inligting kan verkry, nie vir hom toegestop moet word nie. Maar hierdie reg op inligting kan nooit onbegrens wees nie: vir sover dit die individu betref, is die grens duidelik die individu se reg op privaatheid en vir sover dit die staat betref, veral die staatsveiligheid.

III. Persvryheid en Spraakvryheid is ekwiwalent

Hierdie stelling waarop sommige persmense uitermate gesteld is, is op sy beste 'n halwe waarheid, en wel in die eerste plaas om tegnologiese oorweginge. Die spraakvryheid van die individu is sonder tegnologiese hulpmiddele (wat ekonomiese vermoëns van die eerste rang impliseer) 'n heel beperkte werklikheid omdat die menslike stem vervlietend en van geringe trefwydte is. Sonder tegnologiese hulpmiddele kan 'n spreker kwalik 'n skare van meer as duisend bereik, en 'n skrywer nog minder. Dit lê vanselfsprekend beperkinge op die doeltreffendheid van spraakvryheid, al sou toegegee word dat spraakvryheid en persvryheid uit dieselfde juridiese wortel gegroei het.

Teorieë wat nie in die werklikheid gefundeer is nie, het op hul beste akademiese belangrikheid. Wanneer die pers dus aanvoer dat persvryheid en spraakvryheid op dieselfde vlak lê, is die pers volkome bewus van die feit dat hy die spraakvryheid van enige individu dermate kan oordonder dat die spraakvryheid van die individu sowat betekenisloos word.

In die praktyk besluit een of ander persman in die tweede plaas of hy die verklaring van 'n individu wil plaas of nie wil plaas nie; prominent wil plaas

(2) Ibid.

of dit wil wegsteek; gedeeltelik of volledig wil plaas. Die persman besluit of hy 'n verklaring van 'n individu wil beklemtoon en of hy dit nie wil beklemtoon nie. Hy besluit of hy slegs 'n deel na eie goeddunke wil plaas en of hy net 'n deel van die verklaring wil beklemtoon. Kortom, die persman maak van 'n verklaring of 'n toespraak van 'n individu, of hy 'n doodgewone mens of die Eerste Minister is, presies wat die persman meen vir hom of sy koerant van belang of waarde is. Die mening van 'n individu wat skriftelik aan 'n koerant gestuur word, kan òf gedeeltelik òf volledig geplaas word; dit kan ook heeltemal verswyg of „reg" geredigeer word, want die redakteur van 'n koerant behou hom die reg voor om te plaas wat hy meen geplaas behoort te word of geplaas kan word. Hy besluit ook in die laaste instansie oor die wenslikheid al dan nie dat 'n besondere persoon of groep persone glad geen plaasruimte kry nie en effektief doodgeswyg word.

Op grond van die beleid wat vir 'n koerant deur sy direksie of redakteur neergelê word, lê dit in die derde plaas op die weg van enige koerantman om volslae eensydig in sy beriggewing of kommentaar te wees, om sy eie vryheid van meningsuiting op so 'n wyse te gebruik dat hy in werklikheid die waarheid onderdruk, die spraakvryheid van die individu betekenisloos maak.

Maar bo alles verleen die permanentheid van die geskrewe woord en die joernalistieke tegniek van aanbidding groter gesag aan die geskrewe as aan die gesproke woord. Met indrukwekkende aanbidding, gesteun deur fotografie en die illustrasiekuns, kan die persman oneindig meer as die spreker bereik.

Uit die voorgaande is dit ook duidelik dat die mening wat so dikwels deur die pers uitgespreek word dat die vryheid „ondeelbaar" is, nie juis is nie, of in elk geval slegs gedeeltelik. Die vryheid van die pers is in die praktyk veel groter as dié van die individu, wat die „deelbaarheid" van die vryheid klaar beklemtoon: die een as 'n meerdere en die ander as 'n mindere vryheid. As die staat sou besluit om die vryheid van die pers in te kort totdat dit niks groter as die vryheid van die individu is nie, sou dit 'n aantasting van persvryheid, maar nie van spraakvryheid wees nie. As die Parlement m.a.w. sou besluit om aanwysbare leuens in die pers strafbaar te maak, sal dit nog geensins beteken dat die individu verbied word om leuens te vertel nie.

Dit is boonop geen nuwe regsbeginself dat die staat verskillende eise aan verskillende burgers of regspersone stel nie. Die staat vereis bv. dat maatskappye of sekere individue soos prokureurs noukeurige boekhoustelsels daarop nahou, 'n eis wat nie aan die gewone belastingbetaler gestel word nie.

Hoe ook al oor hierdie aangeleentheid gespekuleer of geredeneer word, in die praktyk is die persvryheid 'n veel gewigtiger werklikheid as die spraakvryheid, nie die minste nie om die „reg" van die pers, 'n „reg" waarop hy baie prys

stel, om dit wat die individu in die uitoefening van sy spraakvryheid sê of skryf, op te blaas, af te kam of geheel te verswyg soos dit die „pers” die beste pas. In hierdie sin kan met ’n hele mate van reg beweer word dat die pers tot groot hoogte oor die spraakvryheid van die individu beskik: hy kan dit doeltreffend of kragteloos maak, want uiteindelik baat dit die individu weinig as hy spraakvryheid het, maar niemand hoor hom nie, of net ’n betreklik klein groepie ander individue hoor wat hy sê.

Die Britte ken hierdie onderskeid tussen spraak- en persvryheid lankal. Dit het tradisie geword dat ’n spreker op Hyde Park die ergste laster, sedisie e.d.m. ongestraf kan kwytraak. Sou ’n koerant dieselfde dinge skryf, sal hy sonder twyfel hard deur sowel die staat as belasterde individue aangespreek word.

Omdat persvryheid in die praktyk, in die besonder in die openbare lewe, die politiek en die internasionale verkeer, ’n veel belangriker rol as spraakvryheid speel, moet tot die onontkombare gevolgtrekking geraak word dat dit baie groter verpligtinge aan die pers as aan die individu oplê om daardie vryheid positief en in die landsbelang te gebruik. Verpligtinge word naamlik wêreldwyd deur vermoë bepaal, op sy minste beïnvloed. Ten opsigte van die beskerming van die staat en die staatsveiligheid kan die saak so opgesom word: die opruier of samesweerder bereik miskien ’n stuk of vyf of tien mense: die koerant honderdduisende.

IV. Publish and be damned

Soos in Hoofstuk III aangetoon, is die neiging by die pers om gewaagde stof te publiseer - en daaroor by die owerheid in die warm water te beland - so oud soos die pers self. Die tendens was nog nooit sterker as in die moderne tyd nie, die tyd wat met die opkoms van die massakoerant verband hou. Die sensasionele stof wat die pers aanbied, is van tweeërlei aard: in die eerste plaas is daar ’n toespitsing op seks in sy liederlikste vorme, moord en doodslag, morbiditeit en dies meer. ’n Bespreking van hierdie soort sensasie pas egter nie in die raamwerk van hierdie werk nie, maar wat wel ter sake is, is die pers se aanspraak om met stof wat vir die landsveiligheid van belang is, sensasioneel om te gaan.

Ná die „vrywording” van die pers dwarsdeur die destydse beskaafde wêreld in die tweede helfte van die 19e eeu, het die Angelsaksiese pers met betrekking tot internasionaal plofbare stof volgens ’n resep begin werk wat op 10 Januarie 1852 deur John T. Delane van die Londense Times in ’n brief aan lord Granville, Britse minister van buitelandse sake, geformuleer is.⁽³⁾ Die omstandighede waar-

(3) History of The Times, 1841-1884, p. 151.

onder hierdie brief geskryf is, kan kortliks soos volg saamgevat word:

Onmiddellik ná die geslaagde staatsgreep van Napoleon III het die Times in hoofartikels en briewe skerp teen Napoleon te velde getrek, in so 'n mate dat Granville bevrees was dat dit tot 'n openlike botsing met Frankryk kon lei.⁽⁴⁾ Dit was in antwoord op Granville se besware aan die adres van die Times dat Delane o.m. geskryf het: „You have to deal exclusively with the d e f a c t o Government and to accept it as the representative of the French people. You have to consider its acts only as regards England and English interests and so long as it maintained relations with us, you would not, I imagine, be justified in remonstrating even if a real Reign of Terror after the old pattern were restored and 100 heads a day were falling.

„But this is not our cause at all. So far as we write for France, we address ourselves to her people who we believe not to have forgotten in a week of panic all the lessons of liberty it has been learning in sixty years of agitation. Our readers, however, are almost exclusively English and having always tried to teach them that the extension of English institutions abroad was desirable for English interests and that the thing most to be feared was military despotism we cannot with French facility 'accept the situation' and remain silent when we see all that we have been advocating ever since the Peace overthrown. We are both equally anxious to preserve the Peace but we can't work by your means.”

Die strekking van hierdie brief is baie duidelik: Delane eis vir die pers 'n reg op om in internasionale aangeleenthede op so 'n wyse in te gryp dat dit nie alleen teen regeringsbeleid indruis nie, maar werklik die gevaar van oorlog kan verhoog.

Hierdie rigting is met gesdrif in die Verenigde State gevolg, waar William Randolph Hearst en Joseph Pulitzer teen die einde van die negentiende eeu in 'n worsteling om sirkulasie tot sensasionele politieke en staatkundige uiterstes beweeg het.⁽⁵⁾ Met 'n enkele aanhaling van Edwin Emery, gevierde Amerikaanse pershistorikus, kan in hierdie verband volstaan word: „One of the episodes of this period did much to tag the Journal's owner with 'Hearst's war.' Creelman, in writing his reminiscences in 1901 said that Remington found his Cuban assignment an unhappy one. According to Creelman, the artist cabled Hearst that

(4) Ibid, p. 148.

(5) Emery, Edwin, The Press and America, p. 435.

all was quiet in Cuba, that there would be no war, and that he was coming home. Whereupon Hearst was supposed to have replied: 'Remington, Havana. Please remain. You furnish the pictures and I'll furnish the war. W.R. Hearst.' There is no other evidence that Hearst sent this cable, so often quoted as conclusive evidence against him, but in a sense it reflected the situation. Of all the American newspapers, Hearst's Journal worked the hardest to create public sentiment for war. Open advocacy of war with Spain appeared in the Journal by the fall of 1896." (6)

Die tegniek van oorlogaanhitsing is in die twintigste eeu verder verfyn. Hugh Cudlipp, gesamentlike besturende direkteur van die Britse Mirror-groep en skrywer van *Publish and be damned* in 1953, skryf in sy tweede boek, *At Your Peril*, soos volg oor die Sunday Pictorial se benadering van die krisis wat die Tweede Wêreldoorlog voorafgegaan het: „Already, in 1938, The (Sunday) Pictorial was advocating an alliance between Britain, France and Russia. The New Year of 1939 was welcomed with a picture of a little girl squatting purposefully behind a machinegun, her eyes gazing down the barrel, her playmates gathered in fascination behind her. There was no apology for this juxtaposition of terror and innocence: The headline said:

If we had printed this picture a year ago
YOU WOULD HAVE YELLED AT US !
- But how many will object today ?

The paper published a picture of a nun in the cowl and robes of her order; on her breast a cross hung from a thin golden chain, but, hiding her face was the protruding snout and anonymous thick windows of a gas mask." (7)

Die skerpste internasionale reaksie waarmee Suid-Afrika nog vanwêë 'n binelandse gebeurtenis te doen gekry het, het op die Sharpeville-botsing gevolg. Peter Calvocoressi, wat net daarna in opdrag van die S.A. Institute of Race Relations 'n ondersoek na die wêreldmening oor Suid-Afrika ingestel het, se gevolgtrekking was: „There were widespread horror and indignation. Since the advent of the popular press and the radio it has become easier to estimate the extent of the impact of an event on the public mind, although it remains very hard to gauge the depth of the impact or its lastingness. Sharpeville was front-page news all over the world; it was extensively reported and discussed on radio programmes; and in the richer countries of the world the grisly story was further

(6) Ibid.

(7) Cudlipp, H., *At your peril*, p. 57, 58.

propagated by television. It was therefore brought to an enormously wider audience than, say, the Bulgarian atrocities or Julianwala Bagh, and in a much more vivid way."⁽⁸⁾

Die internasionale implikasies van die persberigte oor so 'n voorval kan ernstig wees. „Even governments and other official bodies joined in the outcry of condemnation. In Norway flags were flown at half-mast on public buildings on the day of the funeral of the Sharpeville victims. At the other side of the world and at rather a different level the Brazilian government banned a football match in Rio de Janeiro against a South African team; it also recalled its ambassador from Pretoria."⁽⁹⁾

Suid-Afrika, in die besonder die Afrikaner, het nog nooit 'n „goeie pers" in die buiteland geniet nie, 'n verskynsel waaroor kapt. J.J. McCord 'n lywige boek geskryf het.⁽¹⁰⁾ In 'n menigte aanhalings uit koerante blyk dat kapt. McCord die Suid-Afrikaanse en buitelandse Engelstalige pers in hoofsaak vir hierdie swak beeld van Suid-Afrika verantwoordelik hou, maar Suid-Afrika is nie die enigste land wat klagte oor persberigte en -artikels het nie. In sy boek *The Press and Foreign Policy* ontleed Bernard C. Cohen die houdinge van 'n aantal amptenare van die Amerikaanse departement van buitelandse sake teenoor die pers.⁽¹¹⁾ Van die amptenaarkritici kom bv. die volgende: „The level of education is very low....with few exceptions the daily reporters have not enough brains to understand what is going on"; of „You have many snoops coming around and looking for information....but we make every effort to avoid them. They make a career out of snooping"; of „A very able and observant public affairs person in the State Department remarked, 'A free press is absolutely essential to the democratic process, in this country or in any country. Most people in the State Department will say they believe this, but 90 per cent don't really mean it' "; of „The press is always lousing things up"; of „The press throws a lot of sand in a lot of gears - in negotiations of policy within the State Department, as well as with other countries." Die skrywer merk in hierdie verband op: „There can be little doubt that Walter Lippmann's proposed exchange of Turkish for Cuban missile bases as the key to a solution of the Cuban crisis in October 1962 was regarded in the State Department as at least a ton of sand."

(8) Calvocoressi, P., *South Africa and World Opinion*, p. 2.

(9) *Ibid*, p. 3.

(10) McCord, J.J., *South African Struggle*, De Bussy, 1952.

(11) Cohen, B.C., *The Press and Foreign Policy*, Princeton (1963) p. 160 e.v.

V. Etiek of Etiket ?

'n Volledige bespreking van die etiek val buite die sfeer van hierdie werk, maar persorgane beroep hulle graag op wat hulle pers- of joernalistieke etiek noem. In die saak S. v. Poggrund 1961 (3), wat onder die subhoof Die Strafpro= seswet in Hoofstuk VII bespreek is, het die beskuldigde „professional ethics” as rede aangevoer waarom hy sekere inligting nie openbaar wou maak nie. In sy hoofartikel van 19 Mei 1967 wat onder dieselfde subhoof bespreek is, praat ook The Star se hoofartikelskrywer van „the journalistic ethic”.

Miskien is dit wenslik dat die Suid-Afrikaanse pers, dalk by 'n vergadering van die N.P.U., diepgaande besin oor die vraag of daar in Suid-Afrika prakties wel so iets soos „persetiek” bestaan en of sekere historiese gebruike en eti= ketreëls nie vir „persetiek” aangesien word nie. In die hoofartikel waarna hierbo verwys word, word o.m. verklaar: „It (die pers) often gets its informa= tion from persons who are the victims of these abuses or who, for other reasons, fear victimization or persecution if their identity is disclosed. Where then does the public good lie ? Once it is clear that the anonymity of such inform= ants will not be protected - that newspapers, under duress or of their own volition, will tell - disclosures will no longer be made. The public will re= main in ignorance of things they urgently need to know. That is why newspaper= men sometimes go to jail rather than tell, not because the press claims any special immunity from the law.”

Die strekking van hierdie insiggewende mededeling moet getoets word aan 'n omskrywing van wat etiese beginsels werklik beteken. In Colliers se Standard Dictionary (International Edition) word „ethics” op p. 436 soos volg omskryf: „The study and philosophy of human conduct, with emphasis on the determination of right and wrong: one of the normative sciences. The basic principles of right action.”

Is die standpunte wat The Star, wat 'n hoog aangeskrewe koerant is, en dit nie om dowe neuteriteit nie, met die aangehaalde omskrywing van die etiek te rym ? Dit lyk nie so nie. Die blad gee openlik te kenne dat van die nuus wat hy plaas, onder meer oor „scandals in high places”, van agterklappers kom. Hy gaan ver= der en erken dat, as sulke nuusbronne weet dat hulle ontmasker sal en kan word, hulle sal ophou om as nuusdraers op te tree, tot skade ook van die koerant om= dat deel van sy interessante nusies dan daarmee heen sal wees. Waar eindig eie= belang en begin die „public good” ?

Daar is nie 'n koerant in Suid-Afrika wat nie van hierdie soort nuusdraers gebruik maak nie. Sommige koerante kondig opvallend aan dat hulle groot bedrae

as vergoëding vir sulke „nuuswenke" sal betaal. Dit is 'n oorbekende verskynsel dat bv. misdadaverslaggewers aansienlike bedrae per maand vir die vergoëding van nuusdraers, die sg. „tipsters" ontvang.

Is hierdie praktyk normatief in orde, in die eerste plaas teenoor mense wat beskinder word - in die jongste tyd is dit ook predikante en ander mense van aansien - en in die tweede plaas ten opsigte van die staatsveiligheid om in daardie mate op anonieme nuusdraers en agterklappers te steun as wat wel in die Suid-Afrikaanse perspraktyk voorkom? Dit is sekerlik nie 'n Christelike behartiging van die beste belange van die naaste nie.

Teen hierdie agtergrond gesien, het die Suid-Afrikaanse pers nie te veel klagte teen die owerheid in te bring vanweë onlangse optrede wat beskou kan word as ondermynend van die persvryheid nie. Intendeel, daar is rede om te wonder of die staat dikwels nie alte lankmoedig was nie. Die tendens in Suid-Afrika is egter duidelik: daar is 'n onmiskenbare beweging in die rigting van inperkings van die pers se vryheid om oor staatsgevaarlike toestande en ontwikkelinge sodanig te skryf dat die veiligheid van die staat in die gedrang kan kom of dat die aansien van die staat in die buiteland aangetas kan word. Die nuwe Verdedigingswet is duidelik 'n ernstige beletsel op 'n vermeende reg om te „publish and be damned."

STELLINGE

1. Daar was nooit 'n tyd in die Westerse wêreld dat spraak- en later persvryheid onbegrens was nie. In geen demokratiese staat is die vryheid van die individu nog ooit hoër as die staatsbelang gestel nie en die demokrasie veronderstel nie 'n toestand van sê-wat-jy-wil of doen-wat-jy-wil binne die staat nie, maar r e g e r i n g: in die woorde van Abraham Lincoln: „government of the people, by the people, for the people." Die Rand Daily Mail begaan gevolglik 'n ernstige mistasting wanneer hy aanvoer dat „the true meaning of democracy" opgesom word deur die woorde van 'n Britse Parlements lid, naamlik: „The only freedom of speech worth having is the freedom to speak things that run wholly counter to the spirit of the times." Omdat die regeeringsvorm van 'n staat demokraties is, hou die staat nie op om met gesag bekleed te wees nie. Ook ten opsigte van 'n demokrasie geld die omskrywing van prof. L.J. du Plessis, naamlik: „Die staat is 'n organisasie van mense in samelewing, gekenmerk deur die onderskikking van die groot meerderheid in die samelewing as onderdane onder 'n minderheid as owerheid. Hierdie owerheid is bekleed met gesag, d.w.s. die reg van seggenskap oor die onderdane, en is geregtig om die seggenskap te ondersteun deur die aanwending van die staatsgemeenskap se mag in die uiterste vorm van

dwang." En verder: „God sanksioneer ook die staat as 'n gesagsinstelling deur Sy gebod....Hy wil nie alleen die staat nie, maar Hy wil dit as gesaghebbend en normatief vir die mensheid...Waarlik alsydig is die staat dus gegrond in die selfopenbaring van God in genade en natuur - met goddelike oorsprong, gesag en bestemming." Die verlening van „vryheid" aan oningeligte of verkeerd ingeligte joernaliste om ook dinge te skryf wat die staatsveiligheid in die gedrang kan bring, kom neer op 'n verabsoluttering van die individuele vryheid wat nóg histories, nóg juridies, nóg prinsipieel verdedigbaar is. Maar selfs die voorstanders van die natuurregbegrip verleen aan die individu nie die reg om dinge te sê of te doen wat die regte van sy medemens skend nie, en die beveiliging van die staat waarin hy woon, kan seker as 'n reg van die burger beskou word.

2. Dit ly geen twyfel nie dat vryheid van spraak en vryheid van die pers die afgelope halfeeue by verskeie geleenthede in Suid-Afrika ingekort is en dat die beletsels skerper geword het na mate die koue oorlog en die opkomende Afrika-nasionalisme meer spanninge in Suid-Afrika en ten opsigte van Suid-Afrika se verhoudinge met die buiteland meegebring het. Hierdie verskerping hou verband met die weiering van 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse pers en persmense, en veral van daardie gedeelte van die pers wat om taaloorweginge makliker vir die buiteland verstaanbaar is, om op so 'n wyse te skryf dat stof nie in die pers verskyn wat landskadelik en ondermynend van die staatsveiligheid geag kan word nie. In weerwil van die verskerping van perssensuur het daar nogtans 'n baie ruime mate van persvryheid in die Republiek ongeskonde bewaar gebly.

3. Behalwe ten opsigte van die staatsveiligheid en die goeie sêde - laasgenoemde is in hierdie werk net in die verbygaan aangeroer - moet die pers egter die grootste mate van vryheid gelaat word. Al is die dag- en weekbladpers kapitalisties georganiseer en al is winsbejag een van die doelwitte van elke koerant, lewer die pers nogtans dienste wat geen ander soort maatskappy kan lewer nie. Dit is waar dat die pers o.m. nuus en kommentaar teen 'n wins verkoop, maar dit is ewe waar dat die feitekennis en die kommentaar wat die pers verkoop, op geen ander wyse aan die burgers beskikbaar gestel kan word nie. Die twee primêre funksies van die koerant is naamlik die verskaffing van nuus en die lewering van kommentaar wat daardie nuus vir die gewone man sinvoller maak. Die koerant sou nog koerant wees al sou hy geen vermaakfunksies of ekonomiese advertensiefunksie gehad het nie, en dié funksies van feitemededeling en kommentaar moet bewaar bly. Die staat kan hierdie dienste self nie lewer nie: die opvoedingstaak van die staat eindig by skool, kollege en universiteit en staatge-

steunde bedrywighede soos die drama, ballet en ander vorme van nie-ideologiese opvoeding buite skoolverband. Probeer die staat egter om nuusfeite en kommentaar - soos in die diktatorlande - aan die burgers oor te bring, word nuus-aanbieding propaganda en beïnvloeding indoktrinasie. In daardie omstandighede kan geen demokratiese instelling voortbestaan of ontwikkel nie; kan geen misstande waarby owerheidspersone betrokke is, onder die aandag gebring en die burgers nie opgevoed word om intelligent aan die demokratiese staatsbestuur deel te hê nie. In hierdie sin is persvryheid en goeie regering onskeibaar.

4. As 'n ruime mate van vryheid aan die pers gelaat word, moet hy egter van sy kant met 'n ruime mate van verantwoordelikheid daarvoor vergoed. As buitengewone voorregte aan die pers verleen word, waaronder spoorweg- en telegraafkonsessies, voorkeurbehandeling by wyse van uitnodiging na die Parlementêre persgalery, staatsfunksies, gesprekke met Ministers en hoë amptenare van die staat, toegang tot plekke wat vir die gewone burger gesluit is, moet die pers daardie geleenthede verantwoordelik benut. As die pers in alle erns op soewereiniteit in eie kring aanspraak wil maak, moet hy ook sorg dat hy sy sake behoorlik kan orden, want die behoefte om in te gryp, ontstaan aan die kant van die staat eers - en net dan - wanneer die pers blyke lewer dat hy onmagtig is om uitspattighede self te beredder. En van sy vermoë om werklik in die landsbelang verantwoordelik op te tree, het die Suid-Afrikaanse pers as instelling nog nie voldoende blyke gegee nie, al het sommige koerante dit wel ten oorvloede gedoen. Die teendeel is trouens waar: die pers se eerste poging om 'n gedragskode in te voer, het in 1939 volslae misluk, terwyl die bestaande Persverwysingsraad en Gedragskode heeltemal ontoereikend is vir die skepping van toestande waarin dit vir die staat onnodig sal wees om by geleentheid op bepaalde terreine self in te gryp. Ná slegs enkele jare het geblyk dat die bestaande Perskode veel te ruim en die bestaande Verwysingsraad met veel te min gesag beklee is. Eers wanneer onderwerping aan die Verwysingsraad verpligtend is en die Verwysingsraad met die gesag van 'n instelling soos bv. die Mediese Raad beklee is, sodat uitsluiting uit die beroep moontlik word, sal die pers in staat wees om teenoor die staat te onderneem om skadelike praktyke self uit te skakel. Uitbreiding van die gesag van die Persverwysingsraad behoort die verlening van mag aan die Raad in te sluit om op te tree teen organe wat die pers se primêre verpligtinge, naamlik betroubare beriggewing en sowel intelligente as billike kommentaar, nie na behore nakom nie, soos bv. teen geneeshere opgetree word wat so handel dat hulle die aansien van die beroep skaad.

Dit impliseer die aanlê van 'n register van diensdoende joernaliste, soos

bv. van prokureurs of rekenmeesters, sodat skorsing doeltreffend kan wees. Dit impliseer ook die onderskrywing van die gedragskode deur alle nuusorgane en joernaliste. Soos tans geformuleer, is die Gedragskode niksseggend en die Persverwysingsraad so magteloos dat dit die eerbied van nóg die staat nóg die pers afdwing.

5. Om die bestaan van 'n register sinvol te maak, behoort die beroepstatus van joernaliste aansienlik verhoog te word, sodat die pers daarin kan slaag om op 'n skerp mededingende arbeidsmark genoeg joernaliste te trek wat aan die hoogste eise van die beroep sal kan voldoen, en hulle ná opleiding te kan behou. Die akademiese skoling van joernaliste voor die interne praktiese opleiding, indien enige, laat dikwels ook veel te wense oor. Daar moet aanvaar word dat joernaliste wat geen ná-matrikulasië-opleiding geniet het nie, in die moderne tyd kwalik in geestelike leiers kan ontwikkel wat die burgery oor gekompliseerde nasionale en internasionale strominge betroubaar en intelligent kan inlig en voorlig. Die neiging tot sensasie word ook daardeur bevorder dat te veel gebruik gemaak word van joernaliste wat die dieper betekenis van gebeurtenisse of strominge en verskynsels nie ken of kan begryp nie en wie se denke merendeels om die oppervlakkige bly wentel. Die stelselmatige verhoging van die standaard waaraan joernaliste moet voldoen, sal die uitwerking hê dat sowel die staat as die burgery groter agting vir die pers en sy werknemers sal ontwikkel, wat op sy beurt die verkryging van inligting sal vergemaklik en die kommentaar van die pers met groter gesag sal beklee. Die feit dat heeltemal onopgeleide personeel tans as't ware van die straat af aangestel kan word, en dit sonder dat koerante wat sodanige personeel aanstel, oor afdoende interne opleidingsgeriewe beskik, veroorsaak sowel 'n te snelle personeelomset as 'n lae dunk van die beroep by sowel joernaliste as koerantlesers.

6. Die pers sal 'n middeweg moet probeer vind tussen die gangbare winsstrewe aan die een kant en die noodsaaklikheid om oor afdoende fondse te beskik om 'n voortreflike nuusdiens deur behoorlik betaalde redaksies in stand te hou en uit te brei. Die oorlaaiing van 'n koerant met advertensies wat vir groot inkomste en winste moet sorg, maak die blad lomp en moeilik leesbaar en verplig die redaksie om die oormatige hoeveelheid plaasruimte te vul met stof wat dikwels van bedenklieke gehalte is en bymekaar geraap en geskraap moet word. Oormatige ruimte verplig die redaksie ook om langdradig te skryf, bloot om plek te vul, wat nie bevorderlik vir goeie joernalistiek is nie. Dit verlaag die aansien van die blad in die oë van die lesers en versterk die indruk dat dit in die pers

meer om inkomste en winste as om roepingsvervulling gaan.

7. Indien hy sy invloed by staat en burgery wil behou, sal die pers die neiging tot oordrewe sensasie aan bande moet lê. Die koerant kan naamlik nie terselfdertyd sensasioneel en gesaghebbend wees nie. Die Sunday Times is reeds verskeie kere getart met die gesegde dat „almal hom lees, maar niemand hom glo nie.” In weerwil van die moderne verslapping van sedelike norme bly daar groeps mense in leiersposisies aan wie die hoogste sedelike eise steeds gestel word, onder wie staatsmanne, politieke leiers, geestelikes en persleiers. Die openbaarmaking van 'n skandaal is selfs in die jong lande van swart Afrika merendeels die einde van 'n politieke loopbaan. John Profumo kon nie as minister aanbly nadat sy verhouding met Christine Keeler openbaar gemaak is nie. 'n Koerantredakteur moet om dieselfde oorweginge aanvaar dat sy hoofartikelblad min gewig sal dra as 'n groot deel van sy blad se plaasruimte in beslag geneem word deur plastiese beskrywings van seksuitspattighede en sensasionele mededeling oor verwording.

Die pers beseft miskien nie sterk genoeg nie dat hy in hoë mate sy eie vryheid bepaal deur die wyse waarop hy self optree. Ook die pers kan in die toestand van Uilspieël verval wat deur almal gehaat is omdat hy self daarna gemaak het. Juis omdat dit die pers se primêre funksie is om as inligter en voorligter op te tree, lê die verpligting ewe swaar op persleiers as op politieke leiers om te sorg dat hulle en hul koerante nie vir immoreel uitgemaak kan word nie.

SLOT

'n Algemene verhoging van die standaard van die Suid-Afrikaanse koerante - en daar word nie aangevoer dat hulle in die algemeen swak of verderflik is nie - onder meer aan die hand van die stelling wat hierbo neergelê is, sal noodwendig daartoe lei dat die staat hom minder en minder genoep sal voel om teen die pers op te tree. Besorgdheid by die pers self oor die landsveiligheid en 'n diepgaande begrip dat internasionale aangeleenthede wat landsgevaarlik kan wees, met omsigtigheid benader moet word, sal die owerheid vanselfsprekend enige vermeende drang om teen die pers op te tree, ontnem.

Die belangrikste bydrae wat die pers tot die goeie demokratiëse regering van die land kan lewer, bestaan nie in die onthulling van „skandale in hoë plekke” nie - hoewel ook dit 'n taak van die pers geag kan word - maar in die opvoeding van die kieserspubliek van die land tot werklike politieke rypleid, gegrond op betroubare feite en ingeligte voorligting en kommentaar. Kri-

tiekloos mag die pers nooit word sonder die prysgawe van een van sy heel belangrikste funksies nie, 'n funksie wat trouens deur niks en niemand anders gelewer kan word nie, maar dan moet daardie kritiek in daardie mate redelik bly dat dit nie die staatsgesag ondermyn nie.

Die owerheid en openbare instellings mag aan die ander kant nooit die standpunt begin huldig dat hulle bo kritiek verhewe is nie, dat die pers hom aan 'n vergryp skuldig maak as hy wel misstande onthul nie.